


pluspunt
ARGITEKTUUR + MEER
JACOBUS LE GRANGE - PrSArchT
084 766 5938 - jacobus@pluspunt.co.za

SOEK KONTREIWINKEL SE SKAPIE BL 5



Li-Anna Wolvaardt is vakansie-gereed! Sy sien daarna uit om te swem en te speel terwyl die somer sy strale deeglik aarde toe stuur. Mag elke leser, adverteerder en besoeker aan Orania die feesseisoen vrolik saam met haar vier!

KOERANIA

Desember, 2024 ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT Volume 02 | Uitgawe Nr. 01

## KITSNUUS

Lees meer binne

**Franna Benade binnekort by Die Rebel**
*Bladsy 2*
**Toerbroers open in Orania**
*Bladsy 3*
**Vakansieprogram vir Desember**
*Bladsy 4-5*
**Blaai saam terug deur 2024**
*Bladsy 8-9*
**Gemeenskapsfees was lekker**
*Bladsy 14*
**Shenelee terug uit die VSA**
*Bladsy 15*

# OVD gaan veiligheid se frekwensie verhoog

Die Orania Veiligheidsdienste bestaan uit 'n klein span, maar hulle is gereed vir die toeloop van besoekers wat gedurende die feestyd Orania as hul vakansiebestemming kies.

Volgens Ettiene de Lange, Hoof van OVD, gaan hul steeds doen wat hul altyd doen, maar die frekwensie van optrede gaan beslis toeneem. "Ons sal meer gereeld sigbaar wees met spoedbeheer en padblokkades," noem hy.

Die toename in voertuie op Orania se paaie maak hul sigbaarheid noodsaaklik. "Daar mag dalk onsekerheid oor Orania se reëls by besoekers wees, maar alle bekende padreëls geld ook in Orania," voeg Ettiene by. Hy beklemtoon dat geen dronkbestuur of, byvoorbeeld, afwesigheid van valhelms geduld sal word nie.

OVD doen 'n beroep op die gemeenskap om gedurende die Desembervakansie enige verdagte optrede by die beheerkamer aan te meld.




Foto: Adam se Uitspanning

Toerbroers, die grootste Afrikaanse reisagentskap in Suid-Afrika, het behoorlik nes geskrop in Orania! Toerbroers, onder die leiding van direkteur, Andries Hendrik Potgieter, het onlangs 'n kantoor op die dorp geopen en advertensieborde pronk ook eersdaags op straat.

'Ons het besef daar is 'n behoefte vir 'n volwaardige reisagentskap in Orania wat gaste van die omgewing met reispakkette kan bedien. Maar meer as dit; ons vat ook hande met toerisme aanloklikhede in die omgewing om gaste van regoor die land na Orania te bring om hierdie unieke dorp te besoek,' vertel Andries.

Toerbroers se kantoor word deur inwoners, Irma en Barry Delport, bestuur en die eerste toere na Orania skop reeds in Februarie 2025 af. Die toere is so saamgestel dat dit die hoogtepunte van die dorp verken wat ook 'n dagtoer, besoek aan die konsentrasiekamp, 'n vlotvaart en lekker eet en kuier insluit. Die 3 nagte pakket sluit in vervoer vanaf Pretoria, 3 nagte se verblyf met meeste etes, uitstappies en Toerbroers gidse teen R7600 per persoon wat deel.

'Dis die ideale geleentheid vir inwoners om sommer ook hulle vriende en familie te nooi om by ons aan te sluit en saam te kuier,' sê Andries.

Toerbroers het nagenoeg 100 toere na bestemmings regoor die wêreld en in Suid-Afrika. Vir meer inligting kontak orania@toerbroers.co.za of besoek www.toerbroers.co.za

## Skakels

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media

### NOODNOMMERS

**Ongevalle | Brand | Veiligheid**
060 501 7877 of 053 207 0089

**Water & Riool | Elektries**
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar. Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.






ONS REIS NET IN AFRIKAANS
Kontak Irma
083 376 1776
orania@toerbroers.co.za | www.toerbroers.co.za
Uitleg: Koerania

**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180



**KOFFIE EN KLETS**
**met die redakteur**

# Heg waarde aan mekaar



Desember beteken vir 'n groot hoeveelheid mense familie, feesvieringe en reis na 'n plek weg van die huis af om te gaan ontlaai. Ander verkies Jan Tuisbly se karretjie, juis omdat dit so besig is op strande en die paaie nie 'n veilige omgewing is nie. Die spreekwoord lui: Jou huis is waar jou hart is. Hoe nou gemaak?

My klets haak by waardering en die dinge waaraan ons waarde heg, vas.

Dit is 'n feit dat waaraan ons waarde heg, van mens tot mens verskil. Dit kan amper aanhaak by die 5 liefdestale van mense: fisiese aanraking, gee van geskenke, kwaliteit tyd, opbouende woorde en dade van diensbaarheid.

Wanneer die vraag aan iemand gevra word oor waaraan hul waarde heg wanneer dit by die kies van vriende kom, dan wissel die antwoorde van, iemand met 'n sin vir humor, iemand wat respekvol is, wat luister, wat moeite sal doen om my te verstaan of iemand wat die Vader ken. Honderd mense, honderd menings.

Wat kies jy hierdie feestyd?

Familietyd of alleentyd?

Baie eet of baie oefen?

Konflik of harmonie?

Broei oor 2024 of beplan vir 2025?

Om te stry oor waardes en waardering loop meestal op konflik uit. Dalk is iemand net eenvoudig nie jou dam se ganse nie. Swem dan weg!

Koerania wens egter vir elkeen wat deel van ons Koeraniafamilie geword het 'n inspirerende feestyd toe. Gesels diep dinge, delf soms waar dit ongemaklik is, maar heg waarde aan julle kosbare tyd saam.

Lag baie en wees soms verspot, want ek en jy kan tyd nie terugdraai nie.

Wees opreg en kyk jou mense in die oë wanneer jy vir hulle vertel hoe lief jy hulle het. Moenie dit op Facebook of sosiale media plak as jy dit nie reguit vir hulle kan vertel nie.

Ek en jy is vir ons eie geluk verantwoordelik. Geluk is mos 'n binnewerkie.

Mag jou binnewerking blom en mag daar hope mooi, maklik en smaaklik om jou wees in die feestyd! Ons sien jou in 2025!

Mag die Vader elke stuurwiel vashou en elkeen van ons vooruit gaan met ons planne en ons drome!

Liefde

*Dia van Staden*




# Koerania kuier in die Kaap


**Foto 1:** Renus Steyn was die eerste Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad en is 'n geliefde pionier. Koerania het die voorreg gehad om by hom in sy huis in Stilbaai te gaan kuier en vertel in Januarie se uitgawe meer oor dié gesin se lewe in die Kaap.

**Foto's 2 & 3:** Netwerk24 het 'n lesersontbyt aangebied wat redakteur, Dia van Staden, gaan bywoon het. Redakteurs van hul publikasies en ondersteuners het aan paneelgesprekke oor nuusgebeure en gemeenskapsake deelgeneem. Mia Spies het met Willem Jordaan, redakteur van Die Burger en voormalige politieke joernalis, Christo van der Rheede, uitvoerende hoof van die FW de Klerk-stigting, en Dawie Boonzaaier, politieke verslaggewer van Rapport gesels om sin te maak van wat na die verkiesing vir die land voorlê. Dr Willie Cilliers, voorsitter van die Afrikaanse Handelsinstituut, het aan 'n ander paneelgesprek deelgeneem.

**Foto 4:** Hugo Redelinghuys is die redakteur van die Suid-Kaap Forum in Riversdal. Dia van Staden het by hom 'n draai gaan maak en heerlik met hom oor mediasake gesels.




Renus Steyn




Dr. Willie Cilliers, AHi-voorsitter




Mia Spies




Dia van Staden en Hugo Redelinghuys



Gemeenskapsnuus
KOERANIA




# Marcel boer groter



Marcel Badenhorst-Nieuwoudt is vanaf 1 Desember as Bo-Karoo Opleiding se nuwe Departementshoof van Landbou aangestel. Sy was tot onlangs 'n lektor in Boerderybestuur en bring 'n wavrag kennis, ervaring en 'n opregte liefde vir landbou-opleiding na haar nuwe posisie.

Paul Vogel, Uitvoerende Hoof van BKO, sê: "Marcel se insig en leierskap is onontbeerlik vir ons groeiende visie vir die Landbou-departement. Sy is nie net 'n uitstekende akademikus nie, maar ook 'n dinamiese leier."

Marcel deel haar gevoel: "Dit is en was nog altyd my droom om te help bou daaraan dat ons jongmense 'n hoopvolle toekoms kan hê en om my energie in ons eie mense te belê. Landbou en akademie is my passie. Hierdie is vir my die voltooiing in die sirkel van akkreditasie tot nou en die begin van groot drome wat 'n werklikheid sal word met die uitbou en groei van ons departement. Ek is kinderlik opgewonde oor wat die toekoms vir ons inhou."









## DEURLOPENDE AKTIWITEITE

### BEGELEIDE PERDERITTE

**Tyd en plek:** aangedui by bespreking
Sagte boude (1,4km) – ɸ150
Harde boude (8km) – ɸ250
Eina boude (12km) – ɸ400
**Perdekarretjie:**
Een uur rit deur die strate van Orania - ɸ300
**Kontak:** Gabriël - 083 415 0632
dieperderuiter@gmail.com

### ORANIA NAGLEWE

**Tyd:** 11:00 – 00:00 - Toegang gratis
**Plek:** Klankgrens
**Beskrywing:** Maande tot Saterdae
Orania naglewe vir dié wat jonk van gees is! Gesellige samesyn gedurende die dag vir families. Roomys en melkskommels tot yskoue biere en skemerkelkies beskikbaar. Lekker kuier en sokkie-musiek gedurende die aande.
**Kontak:** Hannetjie Conradie - 082 788 9625
GEEN DRANK AAN ONDER 18 JARIGES NIE

## WEEKLIKS OP SONDAGAANDE

### KOFFIEKROEG

**Tyd:** 19:00-22:00 - Gratis
**Plek:** Gemeenskapsaal
**Beskrywing:** Die Olyfboom nooi alle jeug en belangstellendes om ons weeklikse Koffiekroeg by te woon. Kom kuier rondom koffie en koekies!
**Wanneer:** Elke Sondagaand na die Gereformeerde Kerk Oranjerivier se aanddiens.
1, 8, 15, 22, 29 Desember.
**Kontak:** Doret - 071 628 6234

## VRYDAG 06 DESEMBER

### KLERE EN KRANSE AANDMARK

**Tyd:** 18:00 - ɸ120 (slegs bo 18's)
**Plek:** Die Kantien
**Beskrywing:** Klere en Kranse aandmark. Bou 'n krans en drink 'n glas wyn (ingesluit by prys), of kom kuier net saam! Te koop by mark: Klere wat min of glad nie gedra is nie, teen 'n winskoop!
**Kontak:** Magdaleen - 072 347 5250

## SATERDAG 07 DESEMBER

### BASAAR

**Tyd:** 09:00 – 18:00 - Gratis
**Plek:** Orania Sportterrein
**Beskrywing:** Basaar - NG Kerke Orania en Vanderkloof. Perderitte, Springkastele, Boeresport, Tombolaspele, Spitbraai, Pannekoek, Dansvertonings, Gimnastiekvertonings, Talentkompetisie: 1 tot 19 jariges, Geskenke, Basaarpoedings, En vele meer!
**Kontak:** Judy - 081 535 4534

## VANAF 09-13 DESEMBER

### WELTEVREDEN DANS AKADEMIE – DANSKLAS

**WEEKPAKKET**
**Tyd:** 09:00 - Daagliks
**Plek:** Lauren boerdery, Vliegveld
**Beskrywing:** ɸ340 per kind, ɸ465 per volwassene, ɸ565 per volwasse paartjie
Weeklange vakansie dansklas-pakket.
**Kontak:** Lana - 082 859 1829

## DINSDAG 10 DESEMBER

### GELOFTEWEEK VOORAFPROGRAM: OPTOG

**Tyd:** 17:30 - Gratis
**Plek:** Orania Beweging
**Beskrywing:** Optog vanaf Orania Beweging na die Monumentkoppie. Skriflesing, 10 minute vertelling, Lees van Gelofte, Ps. 130. Open Gelofteweek met 'n tradisionele Afrikaneroptog. Bring jou Orania-vlag saam!
**Kontak:** Pieter - 061 813 8272

## WOENSDAG 11 DESEMBER

### GELOFTEWEEK VOORAFPROGRAM: VEROOTMOEDIGING

**Tyd:** 17:30 - Gratis
**Plek:** Bo-Karoo Opleiding Ouditorium
**Beskrywing:** Verootmoediging en Bloukransmoord-vertelling Skriflesing, 10 minute vertelling, Lees van Gelofte, Ps. 130. Kranslegging Kom herleef die Bloukransverhaal - die grootste kindermoord wat Suid-Afrika al ooit beleef het - en word nederig voor God.
**Kontak:** Pieter - 061 813 8272

### WATERWYSER BOEREBLYSPEL

**Tyd:** 19:00 - ɸ50
**Plek:** Gemeenskapsaal
**Beskrywing:** Hierdie Boereblyspel handel oor Ouma Driedoring en haar twee dogters, Anna en San wat hulle plaas probeer terug kry. Ouma het genoeg geld om hulle uit die verknorsing te red, maar sal eers onthou waar sy dit weggebêre het wanneer die tyd aanbreek om te sterf. Intussen draai sy die verstrooide waterwyser, Willa Water en ou Gert van die buurplaas om haar pinkie en sorg vir 'n heerlike ontknoping.
**Kontak:** Anje - 072 970 7050

### TYDTOETS

**Tyd:** 18:00 – 18:40 - Gratis
**Plek:** Gemsbok Sportinstituut
**Beskrywing:** Tydtoets
Dit vind elke Woensdag plaas vanaf die Gemsbok Sportinstituut. Daar is 2 opsies: 4km of 8km. Of jy stap, draf of hardloop, jy is baie welkom! Water en Coke word voorsien.
**Kontak:** Christo - 083 628 0272




## DONDERDAG 12 DESEMBER

### GELOFTEWEEK VOORAFPROGRAM: ORANIA-KOPPIE KLIM

**Tyd:** 17:30 - Gratis
**Plek:** Orania Beweging
**Beskrywing:** Kom klim Orania se koppie. Skriflesing, 10 minute vertelling, Lees van Gelofte, Ps. 130.
Ons kom by Orania Beweging bymekaar en klim die Orania-koppie. Met 'n pragtige uitsig luister ons na die Bloedriviervertaal en lê die Gelofte af.
**Kontak:** Pieter - 061 813 8272

### WATERWYSER BOERE BLYSPEL

**Tyd:** 19:00 - ɸ50
**Plek:** Gemeenskapsaal
**Beskrywing:** Hierdie Boereblyspel handel oor Ouma Driedoring en haar twee dogters, Anna en San wat hulle plaas probeer terug kry. Ouma het genoeg geld om hulle uit die verknorsing te red, maar sal eers onthou waar sy dit weggebêre het wanneer die tyd aanbreek om te sterf. Intussen draai sy die verstrooide waterwyser, Willa Water en ou Gert van die buurplaas om haar pinkie en sorg vir 'n heerlike ontknoping.
Kontak: **Anje** - 072 970 7050

### MAAK KERSKAARTJIES

**Tyd:** 09:00 – 10:00 - ɸ50 per persoon
**Plek:** Die Kantien
**Beskrywing:** Ons maak Kerskaartjies. Materiaal en 'n koeldrank word voorsien. Bespreek jou plek op WhatsApp!
**Kontak:** Magdaleen - 072 347 5250

## VRYDAG 13 DESEMBER

### WAATLEMOENFEES

**Tyd:** 12:00 - ɸ5 per waatlemoenskyf
**Plek:** Gemeenskapswembad
**Beskrywing:** Kom vier die somer met 'n waatlemoenfees! Speel en smeer mekaar by Orania se pragtige Gemeenskapswembad. Daar is geen beter manier om jou Vrydag te spandeer nie!
**Kontak:** Marieta - 082 264 1486

### AANDMARK

**Tyd:** 17:00 – 21:00 - Gratis
**Plek:** Kuierstoep - Kleingeluk
**Beskrywing:** Kom geniet 'n Kers-aandmark deur Gousblom aangebied. Koop iets te ete, kuier met vriende en verken al die pragtige stalletjies.
**Kontak:** Hardus - 082 808 1784

### GELOFTEWEEK VOORAFPROGRAM: NAG IN DIE MUSEUM

**Tyd:** 17:30 - Gratis
**Plek:** Kuierstoep - Kleingeluk
**Beskrywing:** Nag in die Museum. Skriflesing, 10 minute vertelling, Lees van Gelofte, Ps. 130. Na afloop van die lees van die Gelofte by die Kuierstoep beweeg almal na die Dorpskantoor. Bring en braai (vure word voorsien) | Kinders slaap in en om die museum. Kom geniet 'n avontuur-oorslaapaand by Orania se kultuurhistoriese museum! Bevestig vooraf jou bywoning:
**Kontak:** Cara - 078 051 9698 /
cara@kultuurtuiste.co.za

### VASBYTSTAP

**Tyd:** 18:00 - Gratis
**Plek:** Orania Veiligheidsdienste
**Beskrywing:** Neem deel aan die jaarlikse 60km, aangebied deur OVD se Taakspan, ten bate van die Orania Veiligheidsdienste se personeel. Die stap vereis 'n 10kg rugsak, wat die gewig van verbruiksitems soos kos en water uitsluit. Deelnemers moet by 'n gemiddelde spoed van 5km per uur, en by die pas wat die organiseerders aangee, kan hou of hulle sal onttrek word. Gratis, maar vir elke 10km wat nie voltooi word nie, is daar 'n ɸ100 "boete" aan Orania Veiligheidsdienste om hulle werk te ondersteun. (Byvoorbeeld indien 'n persoon op 40km onttrek, sal hy of sy ɸ200 betaal.)
**Kontak:** Theuns - 071 352 2754

### GEMEENSKAPDANS

**Tyd:** 18:00 - ɸ70 per volwassene, ɸ40 per kind
**Plek:** Gemeenskapsaal
**Beskrywing:** Kom geniet 'n gemeenskaplike dans.
**Kontak:** Lana Maree - Weltevreden Dans Akademie - 082 859 1829

## SATERDAG 14 DESEMBER

### GELOFTEWEEK VOORAFPROGRAM: BOEREDAG

**Tyd:** 15:00 - Gratis
**Plek:** Kleingeluk Parkie (Kuierstoep)
**Beskrywing:** Boeresport

**Tyd:** 16:30 - Gratis
**Plek:** Gannabos Parkie (Kuierstoep)
**Beskrywing:** Wapendemonstrasie. Skriflesing, 10 minute vertelling, Lees van Gelofte, Ps. 130.

**Tyd:** 18:00 - ɸ10
**Plek:** Gemeenskapsaal
**Beskrywing:** Volkspele
**Kontak:** Pieter - 061 813 8272

### MODEPARADE

**Tyd:** 16:00 – 19:00 - ɸ100 (kaartjies te koop by Aan-die-Oewer kantoor)
**Plek:** Aan-die-Oewer se tuin
**Beskrywing:** Son, Styl en Safari Modeparade. Bring jou eie piekniekmandjie, kombers, stoel, vleis, eetgerei en bykosse vir 'n lekker gesamentlike braai na afloop van parade. Vure word verskaf.
**Kontak:** Dia - 083 726 1180

## MAANDAG 16 DESEMBER

### GELOFTEDAG

**Tyd:** 09:00 - Gratis - Voorsang 08:30
**Plek:** Aan-die-Oewer grasperk
**Beskrywing:**
09:00 Erediens – Ds. Koos Kirsten
09:45 Feesrede – Prof. Andries Raath
10:30 Bedankings en verversings
Orania se gemeenskaplike Geloftediens. Bring jou kampstoel of piekniekkombers en beskerming teen die son.
**Kontak:** Pieter – 061 813 8272

## DAAGLIKS VANAF 17 DESEMBER

### BINNEBAND-DRYF

**Tyd:** 07:00 – 08:00 - ɸ100 per persoon
**Plek:** Aan-die-Oewer
**Beskrywing:** Kom dryf op 'n binneband! Maksimum 6 persone per keer. Bespreek en meld aan by Ontvangs. LW: geen binnebande beskikbaar op 15, 16, 22 en 29 Des. nie.
**Kontak:** Aan-die-Oewer - 063 777 3366

### VLOTVAART

**Tyd:** 18:00 – 19:00 - ɸ120 per persoon, ɸ60 kinders onder 12
**Plek:** Aan-die-Oewer
**Beskrywing:** Vlotvaarte. Bespreek jou vlotrit en meld aan by Aan-die-Oewer se ontvangs. Let wel: Geen vaarte op 15, 16, 22 en 29 Desember nie
**Kontak:** Aan-die-Oewer - 063 777 3366

## DINSDAG 17 TOT DINSDAG 24 DESEMBER

### KLIJN GALLERY KUNS- EN KERSMARK

Let wel: Sondag 22 Desember: Gesluit
**Tyd:** 09:00 - 19:00 - Gratis
Let wel: Dinsdag 24 Desember: 09:00 - 12:00
**Plek:** Anna Boshoff Saal, Volkskool Orania
**Beskrywing:** 'n Uitstalling van Orania en omgewing se kunstenaars, skeppers en bakkers. 'n Fees van saam kuier, omgee en deel wees van iets spesiaal. Kom spandeer tyd saam met jou geliefdes, kom drink 'n koppie koffie en bring jou breiwerk of neem deel aan een van die aktiwiteite wat aangebied word. Ondersteun plaaslike talent en vind daardie perfekte geskenk van handgemaakte items tot unieke kunswerke en heerlike plaaslike lekkernye.
DAAGLIKS: - Teetuin - Bring jou ma / vriendin of niggie en kom verf 'n mini bordjie of canvas vir slegs ɸ50.
**Kontak:** Anesta: 063 980 7102

## DINSDAG 17 DESEMBER

### WYSE MANNE IN ORANIA - 'N SKATTEJAG KOMPETISIE

*(deel van KLIJN GALLERY KUNS- EN KERSMARK)*
**Tyd:** 09:00 - 19:00- Gratis
Wyse Manne het vroegoggend in Orania opgedaag! Geskenkbewyse word uitgedeel vir Oraniërs en besoekers wat die Wyse Manne na ons mark toe bring. Wenners word om 19:00 aangekondig.
**Kontak:** Anesta: 063 980 7102

## WOENSDAG 18 DESEMBER

### LEGKAART BOU!

*(deel van KLIJN GALLERY KUNS- EN KERSMARK)*
**Tyd:** 09:00 - 19:00 - Gratis
Kom bou saam aan die legkaart!
**Kontak:** Anesta: 063 980 7102

### SKEP KLAS VIR KINDERS

*(deel van KLIJN GALLERY KUNSEN KERSMARK)*
**Tyd:** 10:00 - ɸ80
Kinders word uitgenooi om 'n gemmerbroodmannetjie te kom versier! Alle benodighede ingesluit.
**Kontak:** Anesta: 063 980 7102

## VRYDAG 20 EN MAANDAG 23 DESEMBER

### STORIETYD VIR KINDERS!

*(deel van KLIJN GALLERY KUNSEN KERSMARK)*
**Tyd:** 10:00 - ɸ50
Kom luister saam na die storie en geniet 'n aktiwiteit na die tyd. Kinders 10 jaar en jonger.
**Kontak:** Anesta: 063 980 7102

## SATERDAG 21 DESEMBER

### VERF 'N VAAS

*(deel van KLIJN GALLERY KUNS- EN KERSMARK)*
**Tyd:** 10:00 - ɸ200
**SKEP KLAS:** Kom verf 'n vaas. Koffie, vaas en alle benodighede ingesluit. Vooraf bespreking noodsaaklik.
**Kontak:** Anesta: 063 980 7102

## DINSDAG 17 TOT MAANDAG 23 DESEMBER

### MUSIEK OP DIE TRAPPE

**Tyd:** 19:30 - Gratis
**Plek:** Kaalvoettrappe
**Beskrywing:** Bring jou stem of instrument en kom sing of speel saam met die OKeR blaas- en stryk ensemble kersmusiek uit die gesang- en liedboek.
**Kontak:** Anesta - 063 980 7102

## DINSDAG 17 DESEMBER

### KITAAR- EN SANGPRET

**Tyd:** 10:00 – 11:00 - ɸ5 vir donasieblik
**Plek:** Aan-die-Oewer grasperk
**Beskrywing:** Bring jou kitaar of kom sing net saam! Kinders van alle ouderdomme welkom.
**Kontak:** Christelle 084 586 5600 - Ciska 082 767 4842

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# DIE ORANIA BEWEGING SE VAKANSIEPROGRAM 2024-2025 VERVOLG

### ORANIA ORA EN dOra BESPREKING
**Tyd:** 18:00 – 20:00 - Gratis
**Beskrywing:** Ora en dOra inligtingsaand. Kom geniet 'n gesellige aand by Die Kantien en ontdek alles wat jy moet weet oor die Ora en die dOra-toepassing. Verwelkoming met 'n komplimentêre sjerrie, wyn en ligte etes sal verkoop word. Moenie hierdie insiggewende en lekker aand misloop nie!
**Kontak:** Orania Sakekamer - 060 547 9585

## WOENSDAG 18 DESEMBER

### BOU GEMMERKOEKHUISIES
**Tyd:** 18:00 - ф250 (Bespreek vooraf. Geen onder 18's)
**Plek:** Die Kantien
**Beskrywing:** Bestel jou klaar gebakte panele en kom kuier, span jou kreatiwiteit in en bou jou gemmerkoekhuisie saam met ons! Pizza en wyn word bedien.
**Kontak:** Magdaleen / Die Kantien
072 347 5250 / 071 279 1694 / 071 279 1694

### MUSIEKPYPE-PRET
*(BOOMWACKER JAM)*
**Tyd:** 14:00 – 15:00 - ф80 per persoon (aanbieding vir kinders 5 – 12jr.)
**Plek:** Chris Jooste Ouditorium
**Beskrywing:** Kom beleef goeie energie en vind jou ritme. Moet nie hierdie prettige geleentheid misloop nie. Beperkte plek beskikbaar per sessie. Bespreek betyds jou plek!
**Kontak:** Christelle 084 586 5600 -Ciska 082 767 4842

### BUITELUG FLIEK EN PIEKNIEK
**Tyd:** 19:30 – 20:30 - Gratis
**Plek:** Aan-die-Oewer grasperk
**Beskrywing:** Piekniek en fliek op die grasperk by die Oewer. Vir oud en jonk. Bring 'n piekniekmandjie en kombers en kom geniet die aand saam met ons.
**Kontak:** Karin - 076 265 2675

## DONDERDAG 19 DESEMBER

### MUSIEKPYPE-PRET
*(BOOMWACKER JAM)*
**Tyd:** 14:00 – 15:00 - ф80 per persoon (aanbieding vir kinders 5 – 12jr.)
**Plek:** Chris Jooste Ouditorium
**Beskrywing:** Kom beleef goeie energie en vind jou ritme. Moet nie hierdie prettige geleentheid misloop nie. Beperkte plek beskikbaar per sessie. Bespreek betyds jou plek!
**Kontak:** Christelle 084 586 5600 - Ciska 082 767 4842

## VRYDAG 20 DESEMBER

### JOPIE FOURIE-HERDENKING
**Tyd:** 05:00 – 06:00 - Gratis
**Plek:** Orania Rebellieboom
(langs die muurbalbaan in Diamantlaan)
**Beskrywing:** Jaarlikse Jopie Fourie-herdenking
**Kontak:** Cobus Pretorius - 084 554 4770

### KLEIN REUS-FEES
**Tyd:** 08:00 – 20:00 - Gratis
**Plek:** Aan-die-Oewer Grasperk
**Beskrywing:** Radio Orania se jaarlikse fondsinsamelingsgeleentheid. Potjieskos te koop. Stalletjies. Storieverteller kompetisie. Optredes, vermaak en lekker kuier.
**Kontak:** Jan - 079 553 4674

### WATER- EN BOERESPORT
**Tyd:** 12:00 - Gratis
**Plek:** Orania Gemeenskapswembad
**Beskrywing:** Boeresport: Toutrek, sakspring en driebeenresies om en deur die swembad. Pret vir oud en jonk!
**Kontak:** Marieta - 082 264 1486

## SATERDAG 21 DESEMBER

### KRUISSKYF EN SKYFIES
**Tyd:** 18:00 - Prys op aanvraag
**Plek:** Die Kantien
**Beskrywing:** Bespreek betyds om jou plek te bevestig!
**Kontak:** Magdaleen - 072 347 5250 / 071 279 1694

### KERSLIG, VERS EN MELODIE
**Tyd:** 19:00 – 21:00 - ф200
**Plek:** Die Rebel Restaurant en Wynboetiek
**Beskrywing:** Musiek en ete. Kom sê saam dankie vir 'n genadejaar. Kaartjies sluit vermaak, 'n heerlike geplukte hoender roosterkoek en 'n glas huiswyn of 'n koeldrank in. Die kunstenaar is Franna Benade en jou gasvrou is Elmarie van Dalen.
**Kontak:** Dia - 083 726 1180

## WOENSDAG 25 DESEMBER

### SWEMBAD GRATIS TOEGANG
**Tyd:** 12:00 - Gratis
**Plek:** Orania Gemeenskapswembad
**Beskrywing:** Gratis toegang by Orania Gemeenskapswembad op hierdie dag vanaf 12:00. Braaigeriewe beskikbaar.
**Kontak:** Marieta - 082 264 1486

## SATERDAG 28 DESEMBER

### FIETS- EN WYNTOER
**Tyd:** 16:00 – 19:00 - ф200 per persoon (geen onder 18's)
**Plek:** Orania Beweging
**Beskrywing:** Fiets- en wyntoer. Bring jou fiets en kom neem deel aan 'n toer regdeur Orania. Die toer stop op verskillende punte waar wyn geproe word. Die fiets- en wyntoer sorg jaarliks vir hope pret tydens die vakansieprogram! (Vervoer beskikbaar vir diegene wat nie fietsry nie).
**Kontak:** Frans – 064 755 1762

### SPELETJIES EN NACHO'S
**Tyd:** 18:00 – 22:00 - Gratis
**Plek:** Gemsbok Sportinstituut
**Beskrywing:** Sakekamer speletjies en Nacho's aand. Speletjies is gratis!
**Kontak:** Magdaleen - 072 347 5250

## DINSDAG 31 DESEMBER

### OUJAARSDANS
**Tyd:** 11:00 – 00:00 - Gratis
**Plek:** Klankgrens
**Beskrywing:** Oujaarsdans
**Kontak:** Hannetjie - 082 788 9625

## WOENSDAG 01 JANUARIE 2025

### NUWEJAARSMYL
**Tyd:** 06:00 - 07:15 - Gratis
**Plek:** Karoosig aftreeoord
**Beskrywing:** Jaarlikse straatmyl. Begin by Karoosig aftreeoord in die straat op pad dorpsraad toe. Ons hardloop af in Soetdoringstraat, Smarag en draai regs in Diamantlaan en eindig dan by die Gemeenskapswembad. Deelnemers spring dan in die swembad.
**Kontak:** Christo - 083 628 0272

### NUWEJAARSKUIER
**Tyd:** 11:00 – 00:00 - toegang gratis
**Plek:** Klankgrens
**Beskrywing:** Nuwejaarskuier
**Kontak:** Hannetjie - 082 788 9625



Bo-Karoo Opleiding is reeds daarvoor bekend dat hulle unieke boerderytradisies vir hul studente skep wat volhoubaar is. Aangesien sweiswerk een van die tweedejaar Boerderybestuur se toevoegings is, maak die studente iets uniek uit klip en yster.

Die tweede kudde klipkoeie is die dorp ingestuur!

# Lekkerlees

Die Wincklers is al deur diep waters en as gesin is hulle baie in die kollig. Dié lewensgidse dui op ervaringe van twee mense wat die pad met God stap.




Lewensgids vir vroue, Aletté-Johanni se nuwe boek, is geskryf vanuit 'n vars, nuwe perspektief en bied tydlose wysheid wat aanklank by vroue van alle ouderdomme sal vind.

Van die onderwerpe wat bespreek word is 'Hoe om die beste JY te wees', 'Hoe om 'n goeie vriendin te wees', 'Hoe om 'n goeie jong student te wees', 'Hoe om die beste vrou te wees', 'Hoe om die beste ma te wees vir babas/kleuters/laerskool kinders/tieners', 'Hoe om sosiale media te benader', 'Hoe om finansies te hanteer as individu/getroud/gesin' en vele meer.

Lewensgids vir mans, Heinz Winckler se nuwe boek, is geskryf vanuit 'n vars, nuwe perspektief en bied tydlose wysheid wat aanklank by mans van alle ouderdomme sal vind.

Van die onderwerpe wat bespreek word is 'Hoe om die beste JY te wees', 'Hoe om 'n goeie vriend te wees', 'Hoe om 'n goeie jong student te wees', 'Hoe om die beste getroude man te wees', 'Hoe om 'n goeie pa te wees, 'Hoe om sosiale media te benader', 'Hoe om finansies te hanteer as individu/getroud/gesin' en vele meer.







GRONDLYN

## Begronde riglyne vir vandag se vrae

BEGROND
Instituut vir Christelike Grondslagstudies

# Die gelofte in Christus

Die gelofte wat die Voortrekkers in 1838 gemaak het, is een van die mees betekenisvolle oomblikke in ons geskiedenis. Op daardie dag het hulle belowe om 'n dag aan die Here toe te wy as 'n rusdag indien Hy hulle die oorwinning oor die Zoeloeleër sou gee. Hierdie gelofte, wat op 16 Desember herdenk word, is nie net 'n historiese gebeurtenis nie, maar 'n handeling wat diep gewortel is in wat die Bybel leer oor geloftes.

### Kom jou geloftes na

Die Bybel gee duidelik riglyne oor geloftes. Deuteronomium 23:21-23 sê: "As jy aan die Here jou God 'n gelofte doen, moet jy nie versuim om dit te betaal nie; want die Here jou God sal dit sekerlik van jou eis, en dit sal sonde in jou word." Hieruit leer ons dat geloftes 'n ernstige saak is, iets wat nie ligtelik gemaak of gebreek mag word nie.

Die boek Prediker waarsku verder dat dit beter is om nie 'n gelofte te maak as om een te maak en dit dan nie na te kom nie (Prediker 5:4-5). Dit wys vir ons die heilige aard van 'n gelofte teenoor God. Dit mag nie as 'n strategiese ooreenkoms of pligpleging beskou word nie, maar moet gesien word as 'n daad van diepe afhanklikheid en gehoorsaamheid aan Hom.

### Geloftes is nie beloftes nie

Die Bybel onderskei duidelik tussen geloftes wat mense aan God maak en die verbondsbeloftes wat God met Sy volk sluit. Byvoorbeeld, Jakob maak 'n gelofte in Genesis 28:20-22 waarin hy verklaar dat die Here sy God sal wees as die Here hom beskerm en seën. Dit is 'n daad van geloof, maar dit hang van God se voorsiening af.

God se beloftes is altyd standvastig en seker soos 2 Korintiërs 1:20 ons herinner: "*Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.*" God se verbondsbeloftes aan Abraham, Moses, en Dawid is ewige tekens van Sy getrouheid en onveranderlike liefde. God maak nou nog aan elke gelowige beloftes. Beloftes oorspan selfs geslagte.

### Geloftes in Christus

Alhoewel die Boeregelofte dikwels in die lig van volksidentiteit beskou word, moet ons besef dat alle geloftes slegs waarde en betekenis kry in die lig van God se verbondsluiting. Die Here het Homself in genade aan sy kindersverbind deur die verbond, en hierdie selfbinding maak dit vir gelowiges moontlik om geloftes in afhanklikheid aan Hom te maak. Hierdie diepe verbondsverhouding is alleen moontlik deur Christus, die Hoof en Middelaar van die verbond, soos Hebreërs 9:15 verklaar: "En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat ons … die belofte van die ewige erfenis kan ontvang."

Christus, as die Hoof van die verbond, is die fondament waarop elke gelofte rus. Sonder Hom sou enige gelofte 'n kortstondige menslike poging wees, maar deur Christus kry dit ewigheidswaarde. Geloftes wat gemaak word, is daarom onlosmaaklik gebind aan Hom wat die vervulling en sekerheid van God se verbond is. In Hom ontvang ons nie net die voorreg om geloftes te maak nie, maar ook die krag en genade om dit na te kom, tot eer van God en tot die opbou van Sy koninkryk.

### 16 Desember

Die gelofte van onsvolk herinner ons aan die Here se voorsienigheid in die geskiedenis. Dit wys ons die noodsaaklikheid om dankbaar te wees en toegewyd aan God te lewe. Gelowiges vandag, moet erken dat enige belofte wat ons maak, nie ons eie planne of vermoëns kan weerspieël nie, maar volledig gegrond moet wees op die soewereiniteit van Christus en sy heerlikheid.

Die erfenis van 16 Desember is daarom 'n geleentheid om nie net ons volk segeskiedenis te herdenk nie, maar ook te besin oor ons eie band met God. Ons moet daarom soos die gelowiges van vroeër, ons lewens en geloftes voor God bring, en alles doen in gehoorsaamheid aan Christus, tot Sy eer.



Voortrekker Monument - Jacobus Hendrik Pierneef - *Foto: www.WikiArt.org*









# MET DANK AAN ONS LESERS & ADVERTEERDERS

# 'N JAAR VAN STORIES EN NUUS

## EEN JAAR, TWAALF UITGAWES, EN SOVEEL STORIES OM TE VERTEL.


KOERANIA
Springbok Vliegakademie land in Orania


KOERANIA
Vloedskade laat Oraniërs saamspan


KOERANIA
Orania se Verteenwoordigende Raad beklemtoon selfwerksaamheid


KOERANIA
Vandag se BKO-studente word môre se meesters
Lees dit! Deel dit!


KOERANIA
Orania bied die alternatief
Die jongmense weet hoe om hulle vryheid in Orania te geniet. Spesiale vriendeklappe word gebou wat vir 'n leeftyd kan hou.


KOERANIA
Die battery wat die ekonomie kan stimuleer


KOERANIA
Orania se naam soos heilige graal ontdek


KOERANIA
Die Memorandum van Ooreenkoms en Voorneme laat humeure onnodig opvlam


KOERANIA
Beserings na botsing eis Helpmekaar se Hannelie


KOERANIA
Die Vryheidstigting se beraad - die Federale gedagte


KOERANIA
BKO studente benodig mentors in praktyk


KOERANIA
12
ONS SIEN UIT NA JUL DEELNAME VIR DIE VOLGENDE 12 MAANDE!

# DANKIE AAN ELKE LESER EN ADVERTEERDER WAT HIERDIE REIS MET ONS DEEL.

## KOERANIA - LEES DIT! DEEL DIT!

# Koerania blaai terug in 2024

## Orania Skouspel spog met tuistalent



Desember 2023 | Bladsy 8

## Vloedskade word sistematies herstel



Februarie 2024 | Bladsy 5



Januarie 2024 | Bladsy 12

## VellieVoeteFees skop met 'n barshou af!



Mei 2024 | Bladsy 3

## Esna huppel om 'n verskil te maak



Maart 2024 | Bladsy 5

Dié jongmense weet hoe om hulle vryheid in Orania te geniet. Spesiale vriendskappe word gebou wat vir 'n leeftyd kan hou.




April 2024 | Bladsy 1

# Koerania blaai terug in 2024




## Vanuit die gehoor















# Anneke was geliefd



Op Maandag 2 Desember moes Orania en Bo-Karoo Opleiding van hul geliefde voldoenings- en eksamenbeampte afskeid neem. Anneke het 'n fatale hartaanval gehad en is in die Orania Kliniek oorlede.

Anneke Canei het 'n sleutelrol gespeel in BKO se akkreditasie en voldoening, en haar toewyding en harde werk het 'n groot bydrae tot BKO se sukses gelewer.

Innige medelye is aan haar familie, vriende en geliefdes gerig. Haar lewe was 'n voorbeeld vir baie.

# Afrikaans – jou lekker ding!

Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) het aan die einde van November in die Karoo rondgery om met lede van die verskillende kultuurgemeenskappe te gesels en opnames te maak om die onderskeie vorme van Karoo-Afrikaans op film vas te vang.

Sandra Prinsloo, bekende aktrise en verhoogkunstenaar, het as SBA se Ondervoorsitter die onderhoude met sprekers gevoer en die Apollo Teater was een van die plekke wat aangewend is vir dié gesprekke se opnames. Die Applous Café het heerlike kos en koffie bedien terwyl die span van SBA in Victoria-Wes gekuier het. Die SBA se missie is om geletterdheid deur Afrikaans te ontwikkel en om respek vir die taal te bewerkstellig.

Die redakteur van Koerania het die geleentheid aangewend om met Sandra Prinsloo oor haar planne vir 2025 te gesels en 'n moontlike besoek aan Orania te bespreek.



Ben Gibbons (SBA projek-koördineerder), Hanlie Swart (Apollo Teater), Contessa Kruger (Applous Café), dr Mvula Yoyo (SBA Direksielid), Sandra Prinsloo (SBA Ondervoorsitter) en Dia van Staden (redakteur Koerania).. Foto: Tim Wege









Gemeenskapsnuus
KOERA
Promosie
Dia van Staden

## Promosie

# 'n Afrikanergenerasie geanker in God: 'n Voortrekkerherinnering, deur Pieter-Ben Roos.



Afrikaners is as kultuurgroep, deur die loop van ons geskiedenis, in essensie nog altyd afhanklik van die Liewe Vader.

Dit is juis hierdie bevestiging van afhanklikheid wat ons as kultuur deur uiterse swaar tye verenig. Min het hierdie waarheid beter uitgeleef as die Voortrekkers op Bloedrivier ...

Om afhanklikheid van die Here te aanvaar, is om te aanvaar dat ons sonder Hom tot niet sal gaan. Ons gee oor, alles wat ons het, alles wat ons is.

Die uitdagings wat ons kultuur nou ervaar, is meer genuanseerd en kompleks, dit is 'n kombinasie van direkte en indirekte aanval met die oog op die afplatting en uiteindelike uitwissing van ons kultuur.

Net oor daar nie assegaaie op die horison is nie, beteken nie daar is nie 'n bedreiging nie.

Ons kan egter leer uit ons verlede en wat tot dusver gelei het tot ons kulturele suksesse. Die dae wat kinders in skole waarde vanuit die Voortrekkerstories kon put, is verby, en is dit dus elke Afrikaner se verantwoordelikheid om die oordrag van hierdie ryk geskiedenis na die volgende geslag te verseker.

Die tipe geloof wat dit neem om 20 000 Zoeloes in die gesig te staar en nie te vlug nie, sê baie van wie hierdie Voortrekkers was. Dit sal diep geestelike introspeksie neem om uit te klaar of ek self sou beskik oor hierdie diep geloof en vertroue, maar die Voortrekkers het; so goed het die Here hulle bewaar dat nie een Voortrekker op die dag sou sterf nie.

Die Gelofte word hier dus 'n tasbare oomblik in die Christelike Afrikanergeskiedenis en is een van die groot boustene op ons ryk geskiedenis.

Die Voortrekkers het nie vir hulleself, eie roem en eer geveg nie, maar vir ons, die nageslagte, sodat ons elke jaar opnuut ons afhanklikheid teenoor die Here kan verklaar.

Die Gelofte lees: "Hier staan ons voor die Heilige God van Hemel en aarde om 'n gelofte aan Hom te doen, dat as Hy ons sal beskerm en ons vyand in ons hand sal gee, ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag soos 'n Sabbat sal deurbring, en dat ons 'n huis tot Sy eer sal oprig waar dit Hom behaag, en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat hulle met ons daarin moet deel tot nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte. Want die eer van Sy naam sal verheerlik word deur die roem en die eer van oorwinning aan Hom te gee."

Dit is ons voorreg om elke jaar opnuut op die 16de Desember ons afhanklikheid teenoor die Here te bevestig. Kulturele regte word gegee vanaf die Here en is dit ons verantwoordelikheid om hierdie te koester, te gebruik en te bou. Die Afrikaner het 'n ryk geskiedenis van veerkragtigheid juis oor ons weet ons word deur die Almagtige beskerm.

Die kultuur van opstand teen onreg strek ver terug in ons kulturele herkoms, Die Hervorming vanuit Wes-Europa, die opstand teen koloniale en plaaslike magte en vandag die weerstand teen die afplatting van ons kultuur.

Ons geveg is egter vir die voortbestaan van ons kultuur en beaam ek in hierdie stuk dat ons soos ons voorgangers bankvas moet staan vir ons Westelike tradisies van geloof, orde, vryheid en bou. Dit is belangrik hier om onsself in konteks van die ontwikkeling van die Westelike beskawing te plaas en die uiterse groot rol wat die Afrikaner gespeel het om Westelike tradisies na Afrika te bring, skaamteloos te erken en daarop te bou.

Elke dag, as ons ontwaak, prys ons die Here vir die plekkie onder die son wat aan ons toegeskryf is, die mense waarvoor ons verantwoordelik is en die kultuur wat in ons hande lê.

Wees vir seker, ek en jy is hier om te bly. Bevestig dit saam op die 16de Desember en lê u Gelofte af.

# Wat het die FAK vanjaar vir jóú kind gedoen?

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) kyk terug op 'n jaar van baie hoogtepunte wat ons met die jeug van ons land kon deel.

Só besin die FAK oor die impakvolle inisiatiewe wat ons vanjaar aangepak het wat daarop gemik is om kreatiwiteit te koester, erfenis te bewaar en die jeug van Suid-Afrika te bemagtig.

Die FAK bly toegewyd om geleenthede te skep wat kinders en jong volwassenes inspireer om sinvol by die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse geskiedenis betrokke te raak.

### INTERNASIONALE AFRIKAANS-EKSPO

Vanjaar se Internasionale Afrikaans-Ekspo het die verbeelding van kinders en jong volwassenes, wat 'n passie vir Afrikaans het, wêreldwyd gevier. Met die tema "TOEKOMS" het deelnemers van graad R tot 25 jaar oud hul drome en visies verken deur kuns, fotografie en kreatiewe skryfwerk. Die Ekspo het die volgende generasie aangemoedig om vernuwend te droom en 'n liefde vir hul taal te ontwikkel.

### BESKERMING VAN ONDERWYSREGTE: DIE BELA WETSONTWERP-PETISIE

Die FAK het in 2024 ferm standpunt ingeneem teen die Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwyswette (BELA). Deur 'n amptelike petisie te loods, het die FAK ouers, onderwysers en studente verenig in 'n beweging om moedertaalonderrig en die outonomie van skole te beskerm. Hierdie poging het die reg op gehalte-onderrig in Afrikaans beklemtoon, wat die kulturele en linguistiese erfenis van toekomstige geslagte beskerm.

### SLYPSKOLE KWEEK KREATIWITEIT

Die FAK het in 2024 vier dinamiese slypskole aangebied, elkeen aangepas om kreatiwiteit en passie by die deelnemers aan te wakker:

- Boeremusiekslypskool: Vereer tradisionele musiek en instrumente.
- Kunsslypskool: Aanmoediging van jong kunstenaars om hulself uit te druk.
- Gedigtetoonset-slypskool: Blaas lewe in poësie deur uitvoering.
- Skoolkoerantslypskool: Bemagtig jong en opkomende joernaliste om hul stories te deel.

Hierdie slypskole het praktiese vaardighede en 'n platform verskaf om verskeie vorme van kuns te verken.

### FAK SE GESKIEDENISOLIMPIADE: ONTHOU DIE VERLEDE OM DIE TOEKOMS TE VORM

Die FAK se Geskiedenisolimpiade, nou in sy vyfde jaar, het inskrywings ontvang van leerders van graad 4 tot 12. Die 2024-olimpiade het die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) en die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) as temas verken, wat aan deelnemers 'n kans gebied het om hul begrip van Suid-Afrika se geskiedenis te verdiep. Hierdie aanlyn inisiatief het kinders aangemoedig om krities met ons geskiedenis om te gaan, wat beide hul kennis en waardering van die verlede versterk het.

Die FAK bevestig weer sy toewyding aan die ontwikkeling van jongmense. Deur taal, kultuur en onderwys te bevorder, verseker die FAK dat elke kind die gereedskap het om groot te droom en sukses te behaal in 'n toekoms wat deur hul eie hande gevorm is.

Vir meer inligting oor die FAK se projekte en inisiatiewe, besoek www.fak.org.za



Op Woensdag 27 November het Bart Beyers met Koerania se redakteur oor Orania se gemeenskapskoerant en hul werksaamhede gesels. Tydens die program Sakefokus van Radio Orania word lede van die Orania Sakekamer uitgelig. Gaan luister gerus hier hoe Dia van Staden oor Koerania gesels het:

https://radioorania.co.za/koerania-dia-van-staden/

Foto - Verskaf




# Orania se liggiehuis bring lig

Fotos - Dia van Staden

Die vriendelike tannie, wat jaarliks haar huis met feesliggies vir die kersseisoen laat ophelder, se oë blink wanneer sy vertel van kinders en selfs ouer persone wat die kleurvolle liggies in haar tuin gedurende dié tyd geniet en waardeer.

Meisie Pieters vertel dat dit haar 'n paar dae neem om al die liggies uit te sorteer, die batterye na te gaan en dan die besondere detail aan te bring.

Gaan loer gerus oor die hek in Oniksstraat, naby die swembad, want die skouspel vol bewegende, verligte bokkies, vrolike kieries, kleurvolle kersbome en vele meer sal voorwaar jou gemoed ophelder!







# BKO

BO-KAROO OPLEIDING

- WAAR JY -

*vry, veilig en voorspoedig*

SAAM AAN 'N HOOPVOLLE TOEKOMS BOU

KOM STUDEER OP 'N KAMPUS SONDER MURE
EN WERK AAN JOU LOOPBAAN

## KWALIFIKASIES

- BOERDERYBESTUUR
- BOU- EN SIVIELE KONSTRUKSIE
- LOODGIETER
- ELEKTRIES
- TUISVERSORGING
- TUISSORGASSISTENT
- VROEË KINDERONTWIKKELING
- SIVIELE INGENIEURSWESE DIPLOMA

*Vorm deel van ons unieke studentelewe en koshuistradisies!*

Aansoeke vir 2025 is oop en finansiering is beskikbaar!

053 110 0620 | 061 768 1852 | ontvangs@bko.co.za | bko.co.za

Gemeenskapsnuus
KOERANIA




# Stokkiesdraai Avontuurpark

## Waar jy en jou gesin gevoed en vermaak word

TSE Afsaal eiendomme
eerste op die voorgrond

Kontak Afsaal Eiendomme as jy 'n primêre spasie by Stokkiesdraai Avontuurpark wil opneem. Bel Helen by 076 259 8455 of die kantoor by 053 207 0040.

Stokkiesdraai bied 'n verskeidenheid interessante winkels, mini-speelpark met 'n groot grasperk, diere wat besigtig kan word en afdakke waar besoekers in die koelte kan vertoef.

Stokkiesdraai Park is die kuierplek vir jonk en oud!

Dit is die plek om jou volgende verjaarsdagpartytjie of funksie te hou.

Dink jy daaraan om jou bruilof by Stokkiesdraai Park te laat geskied? Moet nie verder soek nie!

Rig alle navrae aan stokkiesdraaiinfo@gmail.com

KLANKGRENS
ORANIA NAGLEWE

Van sonop: Orania se eie legendariese Rebelbier op kraan
Tot sononder: 'n Verskeidenheid skemerkelkies, slusjies en gegeurde gin.

Die Rebel
Restaurant & Wynboetiek

Bestel jou gunsteling wawiel (pizza) en kry 2 glase huiswyn gratis

Madeliefie
Kontak Liesel
065 817 6958

065 817 6958 – Bespreek nou reeds jou behandeling vir 2025

DRUK.NET Ontwerpe

Omvou kalenders vir 2025 - R100 (gewone prys R150. Kies enige agtergrond.)
Gesluit op Saterdae

Orania UITRUSTERS

Besoek ons en kry enorme afslag op uitgesoekte items!

iT Knape
van AF na AAN
C:\Stokkiesdraai_Park\
ORANIA>
Suelette: 083 482 0892
Jaco: 082 822 9449

10% afslag op verkope meer as R250 (geldig tot 31 Desember 2024)
Betaal vir 5 ure om rekenaarspeletjies te speel, maar speel vir 6 ure



Roelien de Klerk
GOUDSMID & JUWELIER

KINDER-AKADEMIE
Vroeë kinderontwikkeling & Nasorgsentrum

Opwindende vakansieprogram vanaf 9:00 tot 12:00 teen R50 per dag of voldag teen R100 per dag, per kind. Die voldagprogram sluit 'n gekookte ontbyt, middagete en verversing in.



**L'lize Janse van Rensburg**
Aandeelhouer & Bestuurshoof: Stokkiesdraai Avontuurpark & Winkelsentrum

VARSG EPARS
JY DINK DIT ... ONS DRUK DIT

Ons bied besondere kersgeskenke vir klein en groot, jonk en oud, vir mans en dames.

EST. 2013
Snip Snip Haarsalon

Gesluit op Saterdae
Elke Maandag 15% afslag op kleur vir dames.
Elke Woensdag 10% afslag op sny & blaas vir dames, en sny vir mans.

# Die jaarlikse Straatfees was weer 'n GEMEENSKAPSfees!

Nikke Basson, koördineerder van die Straatfees vertel dat sy verstom staan oor al die mense wat hul onbaatsugtige hulp aangebied het om alle voorbereidings vir die fees op 23 November suksesvol te laat verloop.

'n Elektriese bussie het persone na die terrein by die Gemeenskapsaal vervoer waar die reuk van vars roosterkoek en botter as voorgereg almal ingewag het. Musikante het vooraf musiek gemaak en daar is deurentyd heerlike agtergrondklanke verskaf.

Sy vertel dat die gemeenskap 'n oorvloed wonderlikste disse gebring het wat met mekaar gedeel kon word. "Die gemeenskap het werklik hiervan 'n FEES gemaak. Ons span het net die agtergrond geskep!"

Daar is tot laat onder die helder Karoosterre gekuier terwyl vars oliebolle en koffie vir oulaas geniet kon word.


















## Rudolf de Beer en Corneli (Bisschoff)

is op 14 November in die eg verbind. Dié twee pragtige jong-mense beplan om hul in Orania te vestig en hier voort te woeker.

*Foto: Cherise Barnard*

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Hoera! Matrieks vier 12 jaar



Op Woensdag 27 November het die matrieks van Orania CVO-skool hul laaste vraestel van die eindeksamen as 'n groep geskryf. Dié ou tradisie waar die hele groep in die gemeenskapswembad spring, is uiteraard weer met 'n gejuig uitgevoer. Koerania wens die matrieks alle seën op hul pad vorentoe toe!

## Shenelee is terug, maar meer selfstandig

Shenelee de Lange is 21 jaar oud en het op 10 November teruggekeer na haar tuisdorp, nadat sy 'n jaar en 7 maande in die VSA as au-pair deurgebring het. Sy het onderskeidelik in Pennsylvania, Texas en in Florida gewerk, maar beslis die tyd benut om baie meer van die land en sy mense te wete te kom.

Dié jonge dame het op 14 April 2023 die vlug na Amerika gehaal, omdat sy besef het dat haar studierigting, binnenshuise ontwerp, dalk nie die beste keuse was nie.

Shenelee de Lange het in 'n paar maande die Amerikaners beter leer ken. Hier is sy saam met 1 van die 5 kinders vir wie sy as au-pair opgetree het.



Die gesin met vyf kinders, vir wie sy gaan werk het, het haar blootstelling in hul manier van kommunikeer en sosialiseer geweldig verbreed. Aangesien die kinders onderskeidelik 13, 11, 10, 8 en 5 jaar oud is, was die temperamente uiteenlopend, uitdagend en interessant.

Shenelee het die Amerikaners as impulsief beleef. "Hul probleemoplossing word impulsief benader en hulle heg nie belang aan die gevolge van hulle besluit nie." Sy glo dat dit juis die kwaliteit in Afrikaners is wat hulle gesog maak as au-pairs in ander lande.

Van die hoogtepunte tydens haar tydperk daar sluit die besoeke aan drie van Amerika se grootste temaparke in. Disneyland, Sea World en Universal Studios was vir haar baie opwindende besoekpunte as 'n toeris. Sy kon die het Bioluminescerende water tot die Manta ray migrasies aanskou. "Ek die absolute beste van God se skepping ervaar," glo sy.

Eensaamheid was daar nie voor tyd nie en sy het ook nie alleen gevoel nie, want "God het my nie vir 'n sekonde alleen gelos nie". Sy glo dat God se planne altyd beter as haar planne is.

Dit is vir die meisiekind lekker om weer in haar ouerhuis te wakker te word. Sy het studeer en direk daarna oorsee vertrek, en dus is sy al gewoond om nie by haar ouers te wees nie. "Ek raak nog gewoond daaraan, maar vang myself telkens dat ek 'n verskoning soek om deur die dag by hulle 'n draai te gaan maak."

Of sy dit weer sal doen het 'n maklike Antwoord: "Defnitief!" Sy beveel dié ervaring vir enige post-matriekleerder aan wat onseker is oor wat hul met die res van hul lewens wil doen. "Dit dwing 'n mens om selfstandig te word, en jy keer met ontelbare herinneringe en geleenthede terug. Dit is terloops 'n oorbruggingsjaar wat ook ordentlik betaal," voeg sy laggend by.









KOERANIA Sport

Desember, 2024 | Volume 02 | Uitgawe Nr. 01




# Oud-skoliere blink uit in Spanje



Afrigter Bertie van Dyk is hier met 'n ernstige haltyd-spanpraatjie besig tydens die 0/23 Nasionale Bokkies 7's rugbyspan se toer in Spanje.

Die 0/23 Nasionale Bokkies 7'2 rugbytoer vind tans in Spanje plaas. Die toer in Spanje het op 3 Desember op 'n hoë noot afgeskop met 'n ongelooflike stadstoer deur Barcelona saam met die 0/14 Duikerspan, 0/16 Presidentspan en die 0/19 Bokkiespan.

Die 0/23 Nasionale Bokkies 7's span het reeds vier wedstryde teen Sant Cugat Rugbyklub gespeel en het beide gewen. Die span het hul eerste wedstryd 40-15 gewen en Wiehan Nel is na hul tweede wedstryd, wat hul het 33-14 gewen het, as speler van die wedstryd aangewys nadat hy twee drieë gedruk het.

WJ en Wiehan Nel vorm deel van die O/23 Bokkies 7's span en pa, Willie Nel, tree as spanbestuurder op. Hulle speel die komende naweek twee internasionale wedstryde teen Poland se Nasionale 7's span.

## Sy verdedig in Dubai

Marlè Nel was deel van Eminence Sport se Enforce netbalspan wat van 27 November tot 4 Desember aan die HSBC Dubai 7's se netbaltoernooi deelgeneem het.

Marlè is uitgenooi nadat sy 'n Curriculum Vitae van haarself aan die organiseerders moes stuur. Sy vertel dat hulle baie avonture meegemaak het.

Koerania sal in die Januarie-uitgawe meer van Marlé se avontuur in Dubai vertel.



Marlé Nel, 'n graad 12 leerder van Orania CVO-skool in aksie tydens die HSBC Dubai 7's se netbaltoernooi.







